durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

14 Julie 2019

**14 Julie 2019,**
**Preekreeks: TRINITEIT - GEES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens,**<br>*Stephanie Steenkamp* |

**Deuroffer: Christelike Lektuurfonds**

Vir meer as 62 jaar neem die Christelike Lektuurfonds die Boodskap van die Bybel na mense - ’n boodskap van hoop, liefde en verlossing - deur middel van gratis en bekostigbare literatuur. Vanoggend kry u by die deure ’n geleentheid om ’n spesiale offergawe vir hierdie werk te gee. Daar sal ook ’n boekuitstalling wees waar bekostigbare boeke deur CLF aangebied word. ’n Boek is ’n geestelike belegging vir die ewigheid. Die winste van hierdie boeke word ook gebruik om die Evangelie na mense te bring, elkeen in sy eie taal.

**21 Julie 2019,**
**Preekreeks: TRINITEIT - GEES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens,**<br>**Arno Mattheus** |

**Deuroffer: Alta du Toitskool**




Ons fokus die jaar op die Triniteit met die jaartema: “Lewe in Sy lig”. Ons behandel die boek Experiening the Trinity van Joe Thorn van kwartaal 1-3.

Die kwartaal fokus ons op Die Heilige Gees as deel van die Triniteit. Hy word erken as ’n persoon en nie net die krag van God se teenwoordigheid nie. Die Heilige Gees kan vernuwing, transformasie en verandering in ons le-wens te weeg bring.

Die Heilige Gees word geken deur baie name en titels, waarvan die meeste ’n sekere funksie of aspek van Sy bediening aanwys.

Eienskappe van die Heilige Gees

### Hy gee nuwe lewe

Julle moet opnuut gebore word. **Johannes 3:7**

God gee redding. Die Gees van God gee nuwe lewe, Hy maak dat mense wedergebore word (Joh. 3:6-8, Titus 3:5, 1 Pet. 1:3). Aangesien dit die almagtige werk van God is, ver buite jou bereik en beheer, bid jy dat Hy moet doen wat net Hy kan doen.

### Hy woon in jou

Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle ’n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. **Johannes 14:16-17**

Een van die vernaamste beloftes in die Bybel is dat God by jou en in jou bly. Die Skepper van alle dinge, met sy ewige na-tuur, het gekies om in klein, beperkte en gebroke mense te kom bly. In jou. God die Heilige Gees bly in sy mense sodat sy teenwoordigheid so intiem as moontlik kan wees. Hy is nader aan jou as wat jy jou kan indink. Hy is daar om jou te leer en krag te gee.

### Hy is jou Helper.

**Hoe bid ons? Bid tot die Heilige Gees jou Helper.** Die Griekse word vir “DWELL” beteken “INHABIT”

Mag Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan julle die krag gee om innerlik sterk te word. Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees. Mag julle instaat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word” (NLV) **Effesiers 3:16-19**

**Hoe luister ons? –** Bid oor die volgende vrae:

- Wat leer die naam ***Helper*** vir my van die Helige Gees?
- Wat leer die naam ***Helper*** vir my van myself?
- Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek die Heilige Gees se naam, ***Helper*** beter verstaan?

**Hoe leef ons?**




CTC COUNTDOWN TO CHRIST – A PROPHETIC VOICE –

**KINDER-Getuienisweek word in saal parallel aangebied op hul vlak!**

**GETUIENISWEEK**

28 – 31 Julie

Brother Marko Kiroglu

www.countdowntochrist.com

**Vervolg op bl. 2**

## NUUS:

14 Julie: Preekreeks: Triniteit GEES begin
22 Julie: Kerkraad strategiese vergadering
23 Julie: Doopkategese
26 Julie: Charge
27 Julie: Betesda-mark
28 Julie: Getuienisweek

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## GETUIENISWEEK

**Tema: GETROUHEID**

God is getrou
Getrou aan God
Getrou aan jou familie
Getrou aan jou roeping
Getrou tot die end

Alle temas word in Engels aangebied deur broer Marko

### Glowkidz Getuienisweek

As jy gedink het dié jaar se kinderpret is op ys tot Kersfees, dink weer! Ons Glowkidz gaan die jaar met Getuienisweek die geleentheid kry om prakties en speel-speel te leer hoe ons as gemeente ons sendingopdrag lééf. Daar gaan elke aand iemand by die kinderdiens kom kuier wat gaan vertel wat in die uitreikprojekte gebeur. Ons gaan ook elke aand vir ons kinders geleentheid gee om iets te maak wat ons kan weggee of gebruik om ander se lewens beter te maak. Terwyl die ma's en pa's in die ouditorium gaan luister en leer, kom ons in die saal bymekaar om ook te luister en leer – maar op die lekker manier!! Bring dus jou ouers, gaan gee hulle af by die grootmenskerk en kom deel in die pret. Jou maatjies en jou maatjies se maatjies is ook welkom! Vir meer inligting kontak Stephanie by juniorjeug@bergsigdv.co.za of 083 2787111.




# Bergsigprojekte op ons voorstoep

## BETESDA

Ons soek dringend 'n persoon of persone wat kan beurte maak om op Woensdae Batesda Huis se kos vanaf Aristea na Batesda Huis te neem.
Kontak Junita de Swart 0823037330.

# Bergsigprojekte oor grense

## Bergsig betrokkenheid by Evangelisasie in Mosambiek



Sedert 1994 is Durbanville Bergsig, in vennootskap met NGK Helderberg, betrokke by evangelisasie in Noord-Oos Mosambiek. Dit geskied tans hoofsaaklik deur ondersteuning en opleiding van ons susterskerk, die IRM - Igreja Reformada em Moçambique.

Aanvanklik was die ondersteuning dmv die plasing van Suid-Afrikaanse sendelinge in Milange. In 2017 het die susterskerk, met die inwerking van die Heilige Gees, sodanige volwassenheid bereik dat hulle 2 evangeliste kon uitstuur na onbereikte areas om 2 nuwe kerke te plant.



Pastor Jose Ernesto Ganhali (heel regs op die foto) het 'n kerk geplant in die Mavago area. 790 km noord van Milange, dus 15 uur per slegte grondpad.
Pastor Josias Guambe (links voor op die foto) het ook reeds 'n kerk geplant in die Mute/Palma area. 1328 km Noord-Oos van Milange, dus bykans 20 uur per grondpad. Pastor Guambe se bediening het spesiale uitdagings. Verskeie militante groepe soos Boka Haram en El-Shabaab is in die area betrokke en tientalle inwoners - gemeentelede en Moslems – is wreed vermoor.

Bergsig is ook by verskeie ander Evangelisasie projekte in Mosambiek betrokke. Sommige hiervan is Andre en Anna-Marie Thiart se Makwe bediening sowel as die finansiële ondersteuning van 3 pastore rondom die Milange area.

Mosambiek Evangelisasie benodig ons gebedsondersteuning, veral in die lig van die onlangse Idai en Kenneth vloede en stormwinde. Bydraes kan gemaak word d.m.v. Bergsig se Geloofsgelofte-Offers.

Vrede vir jule Abrie Coetzee

# Voorbidding

*Om deel van die gebedsketting te word e-pos: geestelikeversorging@bergsigdv.co.za*

## Riglyne vir Stiltetyd

**1. Binnekamer** – Kies 'n plek waar jy kan konsentreer en ononderbroke kan stil word en 'n paar hulpmiddels soos bv. kleurpenne, notaboekie, to-do lysie, liniaal, inkleurboek, klei, hekelgoed, musiek ens. 'n Studiebybel en studiegids is altyd goed, maar nie 'n vereiste nie. Die Woord en God se Gees is genoeg!

**2. Kies 'n geskikte tyd** – Wees realisties oor wanneer en vir hoe lank jy kan stil raak. Begin eerder met korter tye. Dit sal geleidelik maklik raak om langer stil te raak soos jy stiltetyd-fiks raak. Sien jou tyd met God as 'n prioriteit en verwag dat Hy met jou gaan praat.

3. **Kies 'n benadering** – Besluit op 'n tema of 'n spesifieke boek in die Bybel en probeer hou by jou plan. Moenie bang wees dat jy gaan uitmis op iets wat God vir jou wil sê omdat jy op die 'verkeerde' plek lees nie. Die hele Woord is deur God geinspireer. Ons moet altyd verwag dat Hy enige tyd en enige plek met ons sal praat.

**4. Bid voor jy begin lees** – Vra die Heilige Gees om die Woord vir jou oop te breek. Vra Hom vir wysheid en onderskeidingsvermoë om Sy wil te kan onderskei.

**5. Lees** – Lees 'n kort teksgedeelte 'n paar keer aandagtig deur. Lees die kommentaar in 'n studiebybel of ander studiemateriaal as jy meer wil verstaan van die agtergrond van die spesifieke teksgedeelte. Wees versigtig om dele buite konteks te lees en aan te haal. Kom ons lees die Bybel verantwoordelik!

**6. Vra 'n paar vrae** – Studiemateriaal help gewoonlik met sinvolle vrae. Hier is drie eenvoudige vrae wat jy altyd ingedagte kan hou:

Wat leer ek van God? Wat leer ek van myself? Wat moet ek nou gaan doen?

**7. Klim op God se skoot** – God wil met ons praat en Hy doen! Elke dag! Ons moet ingestel wees daarop om Sy hand in alles raak te sien en elke dag met die verwagting te leef dat Hy besig is met ons. Ons moet leer om te luister en nie net te praat nie. Ons moet leer om op Hom te wag! **God fluister! Ons moet luister!**

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Richard Myburgh | Chantilly 24, 021 975 8247 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Peter Montgomery | Crownsingel 12, 021 976 0134 | Pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Willem Mostert | Bishopsingel 6, 021 975 9558 | Pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Jaco en Angela Fourie | 072 124 4271 | Hul baba , Olivia (6mde) moet 'n leweroorplanting kry in Jhb. | Bid vir gesin vir die tyd wat voorlê en dat oorplanting suksesvol sal wees. |
| Kobie Voigt | Fairtrees | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kanker diagnose | Herstel en bemoediging |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Vrou oorlede | Troos en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

Ons vra voorbidding vir die lidmate wat tans besig is met die Lidmaat Predikers Kursus, dat God vir hulle insig in die werk sal gee en dat hulle met ywer die roeping sal uitleef wat God hulle op lei.

Ons vra voorbidding vir die Bergsig se senior Bediening waar hulle saam met ander rolspelers andwoorde soek op moeilike maatskaplike, finansiele en sosiale kwessies wat nie net 'n impak het op seniors nie, maar ook die hele gemeenskap kan beïnvloed.

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**










## Durbanville/Bergsig Seniorgroep

Ons vergadering vir SLEGS LEDE en Seniors wat nog wil aansluit by die groep is welkom - dit vind plaas op:

Donderdag, 25 Julie 2019

Tyd: 9:30

Plek: Bergsig-gemeente

Dit is 'n oggend van musiek en sang waar Rozanne Botha sal optree.

Sop en brood sal daarna bedien word.

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende

Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## FASILITEITE VERSORGING:

Oom André het onlangs behoeftes gelys wat nodig is om die kerksentrum mooi te versorg en op te gradeer. Hy bedank almal wat gereageer het op sy versoek rakende take in en rondom die kerk.

Enige verdere hulp en bystand kan aangebied word by: Andre 021 976 4106 / fasiliteite@bergsigdv.co.za

## KLEINGROEPE

**Word deel van 'n Kleingroep in 2019.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal so gou moontlik plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer

## HET JY 'n PREEK GEMIS?

Ons poog om alle preke op die web beskikbaar te stel vir lidmate om te luister. Met groot uitsondering ondervind ons soms tegniese probleme en is dit nie moontlik nie. Gaan luister gerus by www.bergsigdv.co.za by die skakel MEDIA/preke.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## PERSEPSIES EN FEITE

5 Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.
6 Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug
terwyl hy sy gerwe dra.

**Gebed: Dankie Here, vir u ryklike voorsiening aan ons.**

| PERSEPSIES | FEITE |
|---|---|
| Dit gaan finansieel goed met die Gemeente. | Daar is met ’n verlies afgesluit. Voorsien R495 000 verlies in 2020. |
| Die staat/sinode dra by tot Bergsig se lopende uitgawes. | Geen hulp word ontvang nie. |
| Lidmate weet presies waarvoor hulle bydra. | Daar heers soms verwarring. |
| Bergsig se inkomste groei jaarliks. | Stagneer oor die laaste 3 jaar en met 6% gedaal verlede jaar. |
| Bergsig se personeel-korps is te groot. | Buiten leraars is daar net 2 voldagposte. Die ander poste wissel tussen 5/8 en 7/8. Bergsig is binne Sinodale riglyn met 60% van **totale inkomste**. Riglyn is 65%. |
| Graanendal is afgestig van Bergsig. | Nee, Graanendal is nie deel van ’n afstigtingsmodel nie, maar ’n andersoortige verpakking van Bergsig, onder Bergsig bestuur. |
| Meeste lidmate gee ’n maandelikse dankoffer. | Ons is dankbaar vir 441 besoekpunte/huishoudings wat gereeld bydraes maak. Daar is egter 1900 besoekpunte/huishoudings. (In 2016 was die getal 492, 2017 was dit 480 en 2018 was dit 453 - ’n afwaartse kurwe) |
| Bergsig fasiliteite word gratis beskikbaar gestel. | Nee, ons kry gemiddeld R52,000 per jaar in aan huurinkomste (die fasiliteite word gratis beskikbaar gestel aan geregistreerde Uitreik Projekte soos bv. FCD) |
| As ek slegs vir Geloofs-Gelofte Offers (GGO) bydra, het ek klaar my **volledige bydrae** gemaak. | GGO is ontwerp as ’n bo en behalwe bydrae wat ek in geloof maak vir die geregistreerde uitreikprojekte van Bergsig. |
| Ek hoef net by te dra vir uitreikprojekte. | Nee, ons moet bydra om die kerk instand te hou (fasiliteite, tuin, personeel en bedieninge). Sonder bydraes is daar nie ’n netjiese kerk om in te aanbid nie en sal daar geen mense/bronne wees om uitvoering te gee aan Koninkrykswerk/bedieninge/uitreike nie. |

*Martin Luther het gesê:*
*“Mense gaan deur drie bekerings:*
*die bekering in hul kop, hul hart en hul*
*beursie. Ongelukkig nie elke keer op dieselfde tyd nie.”*





# kuierkerk@bergsig

**Kom kuier saam by die kerk op Sondag 21 Julie 2019 om 11:30.**

**Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete. Vure word voorsien.**

**Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma …**

**Kuier met Johan Els van ons Sopkombuisbediening en Jaco van Vuuren wat betrokke is by Afrika-uitreike!**

**Vir meer inligting kontak Murray by bergsig.kleingroepe@gmail.com**




# DESIRING GOD

***Fillipense 10:3 Al wat ek wens, is om Christus te ken...***

*Kom leer saam met medegelowiges oor die Heilige Gees*

## Onderwerpe

**19 Aug: Die Doop en vervulling met die Heilige Gees**
**26 Aug: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 1**
**3 Sept: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 2**
**10 Sept: Die Gawes van Gesondmaking, tale en profesie – Met getuienisse**

**Inskrywing: Louis Blignaut,**
**082 552 1372 / lbb@global.co.za**

**Koste: R100 per persoon( koste van uitdeelstukke)**
**Wanneer: Sondagaande 17:45 – 19:00**
**Waar: Durbanville Bergsig (Saal)**

## Diep Sarie

Diep Sarie verteenwoordig verskeie DIEP vroue wat die lewe bepeins. Sy is so oud soos sy die dag wil wees en vir haar kan jy nie maklik bottel nie. Sou jy haar kon bottel sou sy net beter word met die jare, haar wysheid verstom ander. Sy sien vreeslik uit na die Damesaand wat in September plaasvind, want dan kan sy kuier en lag sonder om TE diep te raak. Kom lag en kuier saam.




scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

## NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527